## Deel 1 - Eenheid

- Wandel waardig die roeping
- Stappe tot eenheid: nederigheid, sagmoedig, ens.
- Eenheid in die Gees.
- Word toegerus en groei.
- Word ‘n volwasse man – nie meer kinders wat rondgeslinger word nie.

1

## Deel 2 – Nuwe lewe

- Ons leef nie meer soos die wat ongered is nie.
- Nie meer in duisternis nie.
- Hoe het ons Jesus leer ken?
- Verander jou geestelike klere – nuwe natuur.
- Lê dinge af wat groei belemmer soos leuens, woede, steel en hoe ons praat.
- Bedroef nie die Heilge Gees deur in donkerte te leef nie.

2


## Deel 3 – Navolgers van Jesus

- Volg die Here se voorbeeld en word soos Hy.
- Wandel in liefde.
- Keuses om te deel met sondes.
- Waak teen sondes en neem verantwoordelikheid.
- Wees versigtig hoe jy lewe.
- Kinders van die lig.
- Leef nou in Christus.
- Ontwaak jy wat slaap.
- Word met die Gees vervul.

3

## Deel 4 – Wapens

- Word kragtig in die Here, want ons is in ‘n oorlog en sal staande moet bly.
- Veg vir ons Kaptein Jesus Christus.  Gaan nie oor ons nie.
- Bewapen jouself.
- Bied weerstand
- Gordel van Waarheid
- Borswapen van Geregtigheid
- Skoene van bereidheid vir die Evangelie van Vrede
- Skild van Geloof
- Helm van Verlossing
- Swaard van die Gees – woord van God
- Gebed vat al die wapens saam




4

# Die pad van geestelike groei (5) - Wees heilig



**2024-02-11**
**AGS Rayton**
**Past Gustav van Aardt**



5

## Vermaning om Heilig te wees

1Pe 1:13 Daarom, omgord die lendene van julle verstand, wees nugter en
hoop volkome op die genade wat julle deel word by die openbaring van Jesus
Christus. 14 Soos gehoorsame kinders moet julle nie jul lewe inrig volgens
die begeerlikhede wat tevore in julle onwetendheid bestaan het nie. 15 Maar
soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul hele
lewenswandel heilig word, 16 omdat daar geskrywe is: Wees heilig, want Ek
is heilig. 17 En as julle Hom as Vader aanroep wat sonder aanneming van
die persoon oordeel volgens elkeen se werk, wandel dan in vrees gedurende
die tyd van julle vreemdelingskap; 18 omdat julle weet dat julle nie deur
verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel
wat deur die vaders oorgelewer is nie, 19 maar deur die kosbare bloed van
Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos, 20 wat wel vooruit
geken is voor die grondlegging van die wêreld, maar in hierdie laaste tye
geopenbaar is om julle ontwil, 21 julle wat deur Hom glo in God wat Hom uit
die dode opgewek en Hom heerlikheid gegee het, sodat julle geloof en hoop
op God kan wees. 22 As julle in gehoorsaamheid aan die waarheid julle siele
deur die Gees tot ongeveinsde broederliefde gereinig het, moet julle mekaar
vurig liefhê uit 'n rein hart; 23 want julle is wedergebore nie uit verganklike
saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende woord van God wat tot in
ewigheid bly. 24 Want alle vlees is soos gras, en al die heerlikheid van die
mens soos 'n blom van die gras. Die gras verdor en sy blom val af, 25 maar
die woord van die Here bly tot in ewigheid. En dit is die woord wat aan julle
verkondig is.


6

# Jou verstand

1Pe 1:13  Daarom, omgord die lendene van julle verstand, wees nugter en hoop volkome op die genade wat julle deel word by die openbaring van Jesus Christus.

- Maak jou gedagtes vas.  (Gordel van waarheid)
- Wees nugter  (fisies en geestelik)
- Hoop tot die einde toe.  (tot wanneer Jesus Christus weer verskyn)

1Pe 1:13  So prepare your minds for action, be completely sober (in spirit – steadfast, self disciplined, spiritually and morally alert), fix your hope completely on the grace (of God) that is coming to you when Jesus Christ is revealed.   AMP



7

# Raad oor hoe om te lewe

1Tit 3:2  'n Opsiener dan moet onberispelik wees, die man van een vrou, nugter, ingetoë, fatsoenlik, gasvry, bekwaam om te onderrig;

Tit 2:2  Die ou manne moet nugter wees, waardig, ingetoë, gesond in die geloof, in die liefde, in die lydsaamheid.

Tit 2:3  Die ou vroue moet ook in hulle gedrag wees soos dit die heiliges betaam, geen kwaadspreeksters of aan baie wyn verslaaf nie, maar leraresse van wat goed is,

Tit 2:4  sodat hulle die jong vroue kan leer om versigtig te wees, hulle mans en kinders lief te hê,

Tit 2:6  Net sé moet jy die jonger mans aanmoedig om met selfbeheersing te lewe

8

# Soos gehoorsame kinders

1Pe 1:14 Soos gehoorsame kinders moet julle nie jul lewe inrig volgens die begeerlikhede wat tevore in julle onwetendheid bestaan het nie.

- Hierdie is 'n algemene reël om 'n heilige lewe te leef.

1Pe 1:14 So you must live as God's obedient children. Don't slip back into your old ways of living to satisfy your own desires. You didn't know any better then. NLT



9

# Leef Heilig

1Pe 1:15 Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word,
1Pe 1:16 omdat daar geskrywe is: Wees heilig, want Ek is heilig.

- Ons is elkeen geroep deur Jesus Christus

1Pe_2:9 Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig,

- Die Here se verwagting is dat ons moet heilig leef.
- Lewenswandel
- Anders as die wêreld
- Dit is die patroon wat God van ons verlang.
- Ons het die voorbeeld



10

# Leef Heilig in jou werke en wandel met God

1Pe 1:17 En as julle Hom as Vader aanroep wat sonder aanneming van die persoon oordeel volgens elkeen se werk, wandel dan in vrees gedurende die tyd van julle vreemdelingskap;

- Roep ons nog God die Vader aan?
- Hy is nie 'n aannemer van persoon nie

Hand 10:34 En Petrus het sy mond geopen en gesê: Ek sien waarlik dat God geen aannemer van die persoon is nie, 35 maar dat in elke nasie die een wat Hom vrees en geregtigheid doen, Hom welgevallig is.

- Hoe lyk die werke wat ons doen?

Jak 2:24 Sien julle dan nou dat die mens geregverdig word uit die werke en nie alleen uit die geloof nie?

- Wandel in eerbied en respek voor die Here

11

# Duur gekoop deur die bloed van die Lam

1Pe 1:18 omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, 19 maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos,

- In ons heilige wandel met die Here, onthou ons is nie gekoop en gered deur aardse verganklike dinge nie.
- Niks anders behalwe die bloed van die Lam kon die prys betaal het vir 'n verlore siel.




12

## Rein siele, Liefde vir mekaar en rein harte

1Pe 1:22 As julle in gehoorsaamheid aan die waarheid julle siele deur die Gees tot ongeveinsde broederliefde gereinig het, moet julle mekaar vurig liefhê uit 'n rein hart;

- Reinig jou siel deur die Heilige Gees en die Woord (waarheid).
- Wees lief vir mekaar

1Pe 1:22 ....."love one another as if your lives depended on it"... (The message)






13

## God se Woord sal vir ewig bly staan

1Pe 1:24 Want alle vlees is soos gras, en al die heerlikheid van die mens soos 'n blom van die gras. Die gras verdor en sy blom val af,
1Pe 1:25 maar die woord van die Here bly tot in ewigheid. En dit is die woord wat aan julle verkondig is.





14